UNISA university of south africa

# AFK2602

Mei/Junie 2017

## AFRIKAANSE GRAMMATIKA

Tydsduur : 2 Uur 100 Punte

**EKSAMINATORE :**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE : | MNR FWJ BROODRYK<br>MEV L GRUNDLINGH | MEV A ENGELBRECHT |
| TWEEDE : | DR E LOMBARD | |

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS, AFDELING A EN AFDELING B. STUDENTE WAT DIE HEREKSAMEN SKRYF, MOET SLEGS AFDELING B VAN DIE VRAESTEL VOLTOOI.**

**AFDELING A:**

**IN HIERDIE AFDELING IS DAAR VYF (5) VRAE GESTEL. JY MOET ENIGE VIER (4) VRAE BEANTWOORD. DIE VRAE IS GELYKWAARDG (25).**

**AFDELING B: (HEREKSAMEN)**

**IN HIERDIE AFDELING IS DAAR SES (6) VRAE GESTEL. JY MOET ENIGE VIER (4) VRAE BEANTWOORD. DIE VRAE IS GELYKWAARDG (25).**

**NOMMER ASSEBLIEF ELKE VRAAG EN ONDERAFDELING DUIDELIK EN KORREK.**

**[BLAAI OM]**

Open Rubric

# AFDELING A

## VRAAG 1: FONETIEK EN FONOLOGIE

1.1 Kies telkens die regte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld: *1.1.1 fonetiek.* (8)

1.1.1 *Grafeme* verwys na (fonetiese tekens / gewone skriftekens / fonologiese tekens).

1.1.2 Fonetiese tekens word tussen (kantige hakies / pylhakies / ronde hakies) geplaas.

1.1.3 (Vokale / Konsonante / Eksplosiewe) is altyd stemhebbend.

1.1.4 Die term *fonotagma* word gebruik om te verwys na (die elemente waarmee die fonetiek werk / 'n opeenvolging van plekke op die tydsas / elemente wat op 'n bepaalde plek kan optree).

1.1.5 Wanneer *weet* [vet] as *wiet* [vit] uitgespreek word, vind (vokaalverlaging / vokaalreduksie / vokaalverhoging) plaas.

1.1.6 Die [z] is 'n voorbeeld van 'n (frikatief / eksplosief / glyer).

1.1.7 Wanneer *uur* [y:r] as *ier* [i:r] uitgespreek word, vind (assibilasie / ontronding / palatalisasie) plaas.

1.1.8 Die uitspreek van *ganse* (pluimvee) as [xã:sə] staan as (assimilasie / nasalering / affrikatisering / resonering) bekend.

1.2 Noem en bespreek kortliks 3 belangrike verskille tussen die ortografie vir Afrikaans en fonetiese transkripsie. (6)

1.3 Verduidelik kortliks wat jy onder die primêre en sekondêre vorm van 'n woord verstaan. Lig jou antwoord toe aan die hand van geskikte voorbeelde. (4)

1.4 Transkribeer die volgende teks foneties. (7)

*Ek loop elke dag in die tuin rond om te kyk of die groentesaad wat ek geplant het al opgekom het. Ma het altyd graag vertel dat daar mense is wat met hulle plante praat. Dit het my laat wonder of die groen spesie dalk tog iets het om vir ons te sê. Vanoggend toe ek weer hoopvol na die geharkte beddings gaan kyk, word ek met spatseltjies groen verras. Amper eerbiedig (met hul stammetjies geboë en die blaartjies toegevou soos biddende hande) staan hier en daar 'n ertjie. Gereed vir 'n nuwe seisoen van lewe*. **[25]**

**[BLAAI OM]**

**VRAAG 2: MORFOLOGIE**

2.1 Dui aan of die volgende woorde *simplekse* of *komplekse* is. Skrys slegs die vraagnommer en “simpleks” of “kompleks” neer. Byvoorbeeld: 2*.1.1 Kompleks.* (5)

2.1.1 verskil
2.1.2 werklikheid
2.1.3 kunstig
2.1.4 rekenaar
2.1.5 dokter

2.2 Dui by elk van die onderstaande woorde aan of die **<u>vetgedrukte en onderstreepte deel</u>** as *prefiks*, *suffiks*, *ambifiks*, *vrye stam*, *afhanklike stam* of *gereduseerde stam* gekategoriseer kan word. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Byvoorbeeld*: 2.2.1 Ambifiks.* (5)

2.2.1 koers**<u>loos</u>**
2.2.2 ver**<u>duister</u>**ing
2.2.3 **<u>on</u>**skuldig
2.2.4 **<u>be</u>**geer**<u>te</u>**
2.2.5 **<u>vibr</u>**asie

2.3 Dui aan of die volgende woorde *samestellings*, *afleidings*, *samestellende afleidings* of *samestellende samestellings* is. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. Byvoorbeeld: *2.3.1 Afleiding.* (5)

2.3.1 hondehokke
2.3.2 bestelling
2.3.3 ondankbaarheid
2.3.4 staanplek
2.3.5 kommunikasienetwerk

2.4 Ontleed die volgende woorde morfologies deur van die “plus”-metode gebruik te maak.

2.4.1 koersloosheid (3)
2.4.2 herdoop (2)

2.5 Ontleed die volgende woord morfologies deur van die boomdiagrammetode gebruik te maak. (5)

2.5.1 bevolkingsgroei

**[25]**

**VRAAG 3: SINTAKSIS**

3.1 Kies telkens die regte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld: 3.1.1 *sintaksis* (12)

3.1.1 Die woord *goud* is ‘n (voornaamwoord / graadwoord / massanaamwoord).
3.1.2 Die woord *groepeer* is ‘n (werkwoord / soortnaamwoord / ontkenningswoord).
3.1.3 Die woord *die* is ‘n (lidwoord / bywoord / voorsetsel).
3.1.4 (Werkwoorde / voornaamwoorde / soortname) verwys na handelinge en kan met hulpwerkwoorde verbind om tyd of modaliteit uit te druk.
3.1.5 *Vroegoggend is dit nog heerlik koel*. Hierdie sin is ‘n voorbeeld van ‘n (bevelsin / vraagsin / stelsin).
3.1.6 Die woord (syne / ek / jy) is ’n voorbeeld van ‘n besitlike voornaamwoord.
3.1.7 (Betreklike voornaamwoorde / persoonlike voornaamwoorde / wederkerende voornaamwoorde) kom in sinne voor waar die onderwerp en die voorwerp na dieselfde persoon verwys.
3.1.8 *Die vrou <u>lyk</u> dolgelukkig*. In hierdie sin is die woord *<u>lyk</u>* ‘n (koppelwerkwoord / refleksiewe werkwoord / omskrywingswerkwoord).
3.1.9 *Die man skryf ‘n brief <u>aan sy vrou</u>.* In hierdie sin is die gedeelte *<u>aan sy vrou</u>* die (direkte voorwerp / onderwerp / indirekte voorwerp).
3.1.10 *Hy <u>het</u> die eksamen geskryf*. In hierdie sin is *<u>het</u>* ‘n (modale hulpwerkwoord / skakelwerkwoord / hulpwerkwoord van tyd).
3.1.11 *Sy* <u>sal</u> *more haar toespraak lewer*. In hierdie sin is *<u>sal</u>* ‘n (modale hulpwerkwoord / skakelwerkwoord / hulpwerkwoord van tyd).
3.1.12 *Die student se werk is <u>uiters</u> goed*. In hierdie sin is <u>uiters</u> ’n (graadwoord / vergelykingswoord / voegwoord).

3.2 Toon ten opsigte van die onderstaande stukke aan watter woord die kern van die stuk vorm en as watter soort stuk jy dit sal benoem op grond van die kernnaamwoord. Dui die kernnaamwoord en die naam van die stuk aan, byvoorbeeld*: [Die onbeskofte man]* 3.4.1 *man* = *NS*. (4)

3.2.1 [skop die bal]
3.2.2 [onder die tafel]
3.2.3 [sewentien kinders]
3.2.4 [baie vuil]

3.3 Identifiseer en benoem die *naamwoordstukke* in die onderstaande sinne na hulle funksie. Byvoorbeeld: *Anne verkies ’n fyner patroontjie*. *3.5.1 Anne: onderwerp + ’n fyner patroontjie: direkte voorwerp*. (3)

3.3.1 Die man koop vir die meisie ’n pragtige bos blomme.

**[BLAAI OM]**

3.4 Identifiseer die *adjektiefstuk* en benoem die adjektiefstukke in die onderstaande sinne na hulle funksie. Byvoorbeeld: *Ou Matesis was een van die befoeterdste onderwysers in die skool*. 3.6.1 *Ou (Matesis): voorbepaling*. (2)

3.4.1 Koos hardloop vinnig
3.4.2 Die kinders is moeg

3.5 Wat is die verskil tussen ’n **enkelvoudige sin** en ’n **saamgestelde sin**? (2)

3.6 Identifiseer die *bysin* en die *funksie van die bysin* (onderwerpsin, voorwerpsin, predikaatsin ens.) in die volgende voorbeelde. Skryf die bysin en funksie by elke vraagnommer neer, byvoorbeeld: *Die man wat daar loop:* 3.8.1 *wat daar loop: betreklike bysin.* (2)

3.6.1 Om te dans is lekker.
3.6.2 Hy glo dat ons nie sal slaag nie.

**[25]**

**VRAAG 4: SEMANTIEK**

4.1 Wat is ’n korpus en wat doen ’n mens daarmee? (2)

4.2 Wat bedoel ons wanneer ons sê dat die betekenis van ’n bepaalde woord deur konvensie bepaal is? (2)

4.3 Is die woord “terroris” arbitrêr? Motiveer jou antwoord. (3)

4.4 Die onderstaande uitroepsin kan sowel denotatief as konnotatief wees. Beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| “Kyk, daai walvis swem in die rivier op!” |

4.4.1 In die geval van denotasie, identifiseer die twee referente en verduidelik baie kortliks wat die referensiële betekenis van elk is. (4)

4.4.2 In die geval van konnotasie, verduidelik baie kortliks wat die referensiële betekenis van “walvis” is. (2)

4.4.3 Is die konnotatiewe betekenis van “walvis” stilisties of emotief gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)

4.5 Kwalifiseer die volgende voorbeelde as gradeerbare of omkeerbare teenoorgesteldes? Skryf net die korrekte antwoord langs die betrokke vraagnommer neer. (5)

| | | Gradeerbaar | Omkeerbaar |
|---|---|---|---|
| 4.5.1 | sê x vra | | |
| 4.5.2 | deponeer x trek | | |
| 4.5.3 | eenvoudig x ingewikkeld | | |
| 4.5.4 | introvert x ekstrovert | | |
| 4.5.5 | imam x gemeentelid | | |

4.6 Die naam (oftewel, akroniem) *UNISA* is polisemies. Skryf 3 sinne neer waarin sommige van die betekenisonderskeidings duidelik na vore tree. (3)

4.7 Wat is die prototipebetekenis van “tannie”? (1)

4.8 Gee nog ’n betekenis van “tannie”, wat effens verwyder is van die prototipe. (1)

**[25]**

**VRAAG 5: SKRYFVAARDIGHEDE**

5.1 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die vraagnommer en die ontbrekende woord neer. (5)

5.1.1. ’n Formele brief word in ’n ... register geskryf.

5.1.2. Dit is ’n goeie idee om jou e-pos só op te stel dat jou ... aan die einde van elke e-pos wat jy stuur verskyn. Dit verskaf inligting aan die ontvanger wat jou identiteit en jou posisie by jou werk vir hom duidelik maak.

5.1.3. Die woord ... verwys na etiket op die internet.

5.1.4. ... het te make met verbande wat inhoudelike of konseptuele samehang in ’n teks bewerkstellig.

5.1.5. ’n ... is ’n navorsingsteks wat ’n mens tydens jou doktorale studie skryf.

5.2 Piet Du Toit en Wanda Smith (2015) onderskei in hulle *Stylboek: riglyne vir paslik skryf* sewe stadiums in die navorsingsproses. Noem vyf van die sewe. (5)

5.3 Skryf ’n e-pos (15)

Jy en ’n vriend het onlangs vier dae by die Wilde Kwagga-Lodge deurgebring. Tydens julle verblyf het julle soggens om 6:00 en saans om 17:00 op begeleide wildritte gegaan. Julle gids, Oupa Mahlangu, het julle verstom met sy kennis van die veld én vlaktewild soos rooibokke, waterbokke en koedoes. Die kok, Susan de Preez, het julle ook op die hande gedra en haar bier-gemarineerde varkribbetjie en waatlemoenslaai was julle gunsteling. Verder was julle tenthuis luuks, skoon en glad nie te warm nie.

Skryf ŉ e-pos aan die bestuurder van die lodge, mnr. David de Koker, waarin jy hom vertel dat die personeel van die Wilde Kwagga-Lodge hulle tydens julle verblyf uitstekend van hul taak gekwyt het en dat julle verblyf ongelooflik was.

Jou antwoord moet aan die volgende vereistes voldoen:

| | |
|---|---|
| **Struktuur:** Uiterlike struktuurmerkers soos die adres van sender, adres van ontvanger, onderwerp, datum en tyd, asook ŉ handtekening van die sender word in die e-pos aangedui. | 5 |
| **Inhoud:** Jou e-pos moet logies en oortuigend wees. Al die nodige inligting moet oorgedra word. | 5 |
| **Taalgebruik:** Jou taalgebruik, sinsbou, spelling en punktuasie is keurig. | 5 |
| **TOTAAL:** | **15** |

**LET WEL**: Lengtebeperking: 1½ bladsye. **[25]**

**TOTAAL: [100]**

# AFDELING B

## VRAAG 1: FONOLOGIE

Kies telkens die regte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld: *1.1 klankleer*. (7)

1.1 Die sin *Hebban olla vogala ...* kom uit die Nederlandse (idiolek / variëteit / volkstaal) van die twaalfde eeu. Dit kan insgelyks dus as die oudste opgetekende vorm van Afrikaans beskou word.

1.2 Die term *fonotagma* word gebruik om te verwys na (die elemente waarmee die fonetiek werk / ŉ opeenvolging van plekke op die tydsas / elemente wat op ŉ bepaalde plek kan optree).

1.3 Die [s] is ŉ voorbeeld van ŉ (nasaal / frikatief / glyer).

1.4 Die [uy] / [ui] / [oei]) is die fonetiese teken vir <oei> soos in r*oei* of m*oei*te.

1.5 Die uitspreek van [kaɲ jəi] in die plek van *kan jy* [kan jəi] is ŉ voorbeeld van (palatalisasie / velarisasie / assimilasie).

1.6 Die uitspreek van *loop* [lop] tot *loep* [lup] word (vokaalverlaging / vokaalreduksie / vokaalverhoging) genoem.

1.7 Vir die uitspreek van die diftong (neem ons ouditories-perseptief ʼn geruis of friksie waar / word die lugstroom in of bo die strottehoof versper of afgesluit / word twee vokale in een artikulasiebeweging uitgespreek).

Gee by die beantwoording van die volgende vrae ʼn kort beskrywing of uiteensetting.

1.8 Verduidelik kortliks wat die volgende aanhaling vir jou beteken. (4)

Hoekom verskil die skryftaal en die spreektaal en hoekom is daar ook verskille in die uitspraak van die spreektaal?

1.9 Deur watter letter / grafeem word die foon [ø] voorgestel? Gee ʼn voorbeeld van die woord waarin die foon (1) foneties en (2) in gewone spelling voorkom. (2)

| | [ø] |
|---|---|
| (1) *Foneties* | ? |
| (2) *Gewone spelling* | ? |

1.10 Verduidelik kortliks wat jy onder die primêre en sekondêre vorm van ʼn woord verstaan. Lig jou antwoord toe aan die hand van geskikte voorbeelde. (4)

1.11 Skryf die volgende woorde oor in die gewone skryftaal en lewer kommentaar op die spelling van die onderskeie woorde: [rœix] X [çitər]. Waarom word [rœix] met ʼn [x] gespel, maar [çitər] met [ç]? (4)

| *Foneties* | 1) [rœix] | 2) [çitər] |
|---|---|---|
| *Gewone spelling* | ? | ? |

Transkripsie

1.12 Transkribeer die volgende teks foneties. (4)

**Lappies trek robot toe om meer geld te kry** – Dana Snyman

Lappies het toe Donderdagoggend by 'n verkeerslig in Frederikastraat begin bedel.

Ek wil nog by hom gaan hoor hoe dit gaan: of hy beter dáár doen as by Manny se kafee, waar ek hom die eerste keer gekry het.

Dit was seker so 'n maand gelede. Ek het die middag soos gewoonlik by Manny stilgehou vir 'n Coke en 'n brood, en toe ek die motor se deur oopswaai, toe staan die ou daar.

"Mirrag, meneer, het meneer nie vir my 'n tweerandjie nie, 'seblief?"

[Uit: *Beeld-deurloop*, 29 Julie 2003]

**[25]**

**[BLAAI OM]**

## VRAAG 2: MORFOLOGIE

Kies telkens die regte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld: *2.1 akroniem*.

2.1 Morfologies ongelede woorde word (simplekse / komplekse / premorfeme) genoem. (2)

2.2 Woorde wat betekenisvol verdeel kan word staan as (simplekse / komplekse / premorfeme) bekend. (2)

2.3 ’n (Wortel / stam / affiks) kan omskryf word as ’n morfeem wat sinchronies nie ’n woordkorrelaat het nie. (2)

2.4 Die (wortel / affiks / stam) word algemeen gedefinieer as ’n morfeem met ’n selfstandige woordkorrelaat. (2)

2.5 In die morfologie werk ons met drie basiese morfeemtipes: die stam, die wortel en die (afleiding / affiks / sillabe). (2)

2.6 Die kategoriale funksie van *-ing* in *bemanning* is dié van ‘n (substantiveerder / adjektiveerder / verbaliseerder). (2)

2.7 *ver*- in die woord *verdamp* is ’n (ambifiks / suffiks / prefiks). (2)

2.8 *-voud* in die woord *meervoud* is ’n (ambifiks / suffiks / prefiks). (2)

2.9 *Vroulik* is ‘n voorbeeld van ’n (afleiding / samestellende afleiding / samestellende samestelling). (2)

2.10 *Lekkerleesbrief* is ‘n voorbeeld van ‘n (samestelling / samestellende afleiding / samestellende samestelling). (2)

2.11 *Lekkerlesery* is ‘n voorbeeld van ‘n (samestelling / samestellende afleiding / samestellende samestelling). (2)

2.12 *Biogeneties* is ‘n voorbeeld van ‘n (tegnoskepping / knipsel / akroniem). (2)

2.13 *WVK* is ’n voorbeeld van ’n (tegnoskepping / knipsel / akroniem). (1)

**[25]**

**VRAAG 3: SINTAKSIS**

3.1 Benoem die onderstaande woorde so volledig moontlik na hulle woordsoort, byvoorbeeld: *skop - hoofwerkwoord* (afgekort: *Hoofww.*). (5)

3.1.1 jakkalskos
3.1.2 ’n
3.1.3 kombineer
3.1.4 teen
3.1.5 salig

3.2 Benoem die onderstreepte stukke na hulle binnebou en funksie, byvoorbeeld:

Hy slaan <u>die bal</u>.
*<u>Die bal</u>*
Vorm: NS (Naamwoordstuk)
Funksie: (Direkte) Voorwerp (5)

3.2.1 Groente is *<u>gesond</u>.*
3.2.2 Hy gee haar altyd *<u>’n groot persent.</u>*
3.2.3 *<u>Kaas</u>* is heerlik.
3.2.4 Kom fliek saam met my *<u>volgende naweek</u>.*
3.2.5 Ek sien jou *<u>na skool</u>.*

3.3 Benoem die volgende sinne na hulle sinsoort (stelsin, vraagsin, bevelsin). (3)

3.3.1 Hoekom gaan jy nie ook nie?
3.3.2 Loop speel in die agterplaas.
3.3.3 Laatmiddag is dit nog baie warm.

3.4 Herformuleer die volgende sin as ‘n *agenslose* passief. (1)

Die diere drink water.

3.5 Herformuleer die volgende sin as ‘n topiekkonstruksie. (1)

Hulle speel graag Saterdae rugby.

3.6 Benoem die bysinne in die onderstaande sinne na hulle vorm en funksie, byvoorbeeld:

Hy glo dat mens moet hard werk.
Bysin: *<u>dat mens moet hard werk</u>*
Vorm: Volle bysin
Funksie: Voorwerpsin

(10)

**LET WEL: Sluit asseblief die bysin in jou antwoord in. Sonder die bysin verloor jy die helfte van die punt(e).**

3.6.1 Om eerste te kom, verg harde werk.
3.6.2 Sy het gesweer dat sy nie vir die ongeluk verantwoordelik is nie.
3.6.3 Ek het ongelukkig vergeet om die wyn saam te bring.
3.6.4 Dit lyk of hulle maar sukkel.
3.6.5 Sy plan om 'n nuwe besigheid te begin, het misluk.

**[25]**

## VRAAG 4: SEMANTIEK

4.1 Gebruik die onderstaande voorbeelde en verduidelik kortliks die verskil tussen homofone en homograwe: (5)

4.1.1 (a) reis - rys
4.1.2 (a) kopie - kopie

4.2 Verduidelik kortliks die kriteria vir absolute hominimie en gee een voorbeeld van absolute hominimie. (5)

4.3 Benoem telkens die teenoorgesteldheidsbetrekking wat tussen die onderstaande woordpare geld. (10)

4.3.1 vraag - antwoord
4.3.2 vet - maer
4.3.3 waar - vals
4.3.4 dosent - student
4.3.5 op - af

4.4 Verduidelik kortliks die verskil tussen 'n sinoniem en 'n antoniem deur van die volgende voorbeelde gebruik te maak: (5)

4.4.1 (a) reg - verkeerd
(b) dadelik - onmiddellik

**[25]**

## VRAAG 5: SKRYFVAARDIGHEDE

5.1 Skryf 'n kort toespraak. Kies enige scenario wat hier onderaan genoem word. Onthou, jy moet die toespraak van 'n gepaste titel voorsien. Dui verder aan wat die doel van jou toespraak is, asook wie die teikengehoor is. Verskaf ook kortliks die raamwerk om jou toespraak te illustreer. (10)

5.1.1 *Jy word gekies om aan 'n debat deel te neem en moet die standpunt verdedig dat dit noodsaaklik is om tweetalig te wees.*

5.1.2 *Jy is gevra om 'n toespraak te skryf waarin jy moet aanvoer waarom dit belangrik is om 'n postiewe gesindheid te hê.*

| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **PUNTETOEKENING** |
|---|---|
| Doel | ½ |
| Teikengehoor | ½ |
| Gepaste titel | ½ |
| Raamwerk | ½ |
| Kerngedagtes | 8 |
| **TOTAAL:** | **10** |

5.2 Skryf 'n koerantberig oor een van die volgende onderwerpe. (15)

5.2.1 *Twee reuse aardbewings tref die stad van Bhaktapur in Nepal. Sowat 3000 mense sterf.*

5.2.2 *Nuwe tegnologie help om renosterstropers vas te trek.*

Maak seker die berig voldoen aan die vereistes wat in die onderstaande assesseringstabel uiteengesit word (**LET WEL:** Lengtebeperking is ½ - ¾ bladsy).

| **ASSESSERINGSKRITERIA** | **PUNTETOEKENING** |
|---|---|
| Die titel is kort, maar bevat die belangrikste inligting. | 3 |
| Die berig is in 'n onmiddellike, saaklike styl geskryf. | 2 |
| Jou taalgebruik, sinsbou en spelling is keurig. | 5 |
| Paragrawe, samehang (logiese vloei van inligting) en 'n goeie slotparagraaf. | 5 |
| **TOTAAL:** | **15** |

**[25]**

## VRAAG 6: LEES, BEGRYP EN SKRYF

Lees die volgende koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**Minister wil taxi's met spoedbeheer toerus.**

'n Voorgestelde spoedbeheertoestel in minibus-taxi's sal eienaars help om die wet te gehoorsaam.

'n Toestel wat self brieke aandraai kan in die toekoms in busse, mini-busse en vragmotors verplig word.

Die nasionale departement van vervoer het 'n wysiging voorgestel dat dié voertuie van 2016 af met spoedbeheertoestelle toegerus word. Dit kan sorg dat minibus-taxi's en busse onder 100 km/h ry en vragmotors swaarder as 3,5 ton onder 80 km/h.

"Die toestel laat die voertuig stadiger ry wanneer dit 'n spoedbeperking oorskry het," het Tiyani Rikhotso, woordvoerder van die departement, gister gesê. "Ons kan nie staatmaak op 'n toestel wat bestuurders net waarsku nie, dit moet hulle kan stop."

Dipuo Peters, minister van vervoer, het die wysigings op 31 Oktober in die Staatskoerant geplaas. Indien die wysigings goedgekeur word, sal nuwe voertuie van 1 Desember 2016 af met die toestel toegerus moet word.

Rikhotso het gesê die departement gaan nog die voorgestelde regulasies met belanghebbers in die vervoerbedryf bespreek.

"Indien dit wet word, sal ons wil sien dat handelaars verplig word om nuwe voertuie mét die toerusting te verkoop."

Vincent Masoga, woordvoerder van die South African Transport and Allied Workers Union (Satawu), het die regering se poging om padveiligheid te verbeter, verwelkom. "Ons lede is as bestuurders dikwels die slagoffers van ongelukke," het hy gesê.

Die vakbond gaan die regulasie se moontlike impak op werkers met die regering bespreek.

Bafana Magagula, hoof- strategiese bestuurder van die Suid-Afrikaanse Nasionale Taxiraad (Santaco), het ook die voorgestelde wysiging verwelkom.

Die Wes-Kaapse departement van vervoer het gesê hy gaan die voorgestelde wysigings bestudeer en voorstelle oor die toepassing daarvan stuur.

Volgens Rikhotso gaan die departement mettertyd ook voorstel dat die toestelle vir ouer busse en vragmotors verpligtend word.

Donald Grant, Wes-Kaapse minister van vervoer, het ook die voorgestelde wysiging wat kindersitplekke vir jong kinders tot drie jaar verpligtend maak, verwelkom.

(Nuus24, 12 November 2014)

**[BLAAI OM]**

**VRAE:**

6.1 Wat is die naam van die minister na wie daar in die titel van hierdie berig verwys word? (2)

6.2 Hoe gaan die voorgestelde spoedbeheer-toestel bestuurders van minibus-taxi's en vragmotors help om die wet te gehoorsaam? (2)

6.3 Op watter datum sal voertuie met die toestel toegerus word? (2)

6.4 Van watter departement is Tiyani Rikhotso die woordvoerder? (2)

6.5 Watter ander **twee** persone het ook die poging van die regering om padveiligheid te verbeter, verwelkom? (2)

6.6 Watter ander wysiging, wat ook met padveiligheid te make het, is deur die Wes-Kaapse minister van vervoer verwelkom? (2)

6.7 *Staatskoerant* is 'n voorbeeld van 'n: (2)

6.7.1 Afleiding
6.7.2 Samestelling
6.7.3 Samestellende afleiding
6.7.4 Samestellende samestelling

6.8 Vind woorde in die koerantberig wat dieselfde beteken as: (3)

6.8.1 dwing / forseer
6.8.2 verandering
6.8.3 bepaling / rigsnoer

6.9 Wat is die stam van die woord *bestuurder*? (2)

6.10 Transkribeer die woord *kindersitplekke* foneties. (3)

6.11 Breek die woord *spoedbeheertoestelle* morfologies op. (2)

6.12 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord: (1)

Die vakbond gaan die <u>regulasie</u> se moontlike impak op werkers met die regering bespreek.

**[25]**

**TOTAAL: [100]**

©

**Unisa 2017**

**[BLAAI OM]**